NUUSBRIEF 18 VAN 2025

*29 MEI 2025*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*



### GROETE AAN AL DIE RYNIES!

Na hierdie week is daar nog 4 weke oor voordat die skole op **Vrydag 27 Junie 2025 om 10:00 sluit.** Die Gr. 4 -7 leerders het hierdie week met eksamen begin.



Ons skryf weer interne vraestelle wat deur ons eie personeel opgestel word en wat gemodereer word deur die onderwysdepartement. Maak seker dut u kind/ers deeglik voorberei en beplan voorbereiding rondom buitemuurse aktiwiteite indien u kind betrokke is.

Ons doen weereens ‘n beroep op ouers om skoolklere duidelik te merk. Veral in die winter trek leerders baadjies uit as dit warmer word deur die dag en hulle vergeet dit dan op die terrein.
As die klere gemerk is kry ons gewoonlik die eienaar. Heelwat klere word weekliks in die verlore klere houer gegooi aangesien dit nie gemerk is nie.
Help ons asseblief in die verband.



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## HEMELVAART:




Vandag het ons weer Hemelvaart gevier by die skool. As Christelike skool vier ons jaarliks hierdie belangrike datum op die Christelike kalender. Baie dankie aan al die ouers wat die verrigtinge bygewoon het en dankie aan al die betrokke personeel vir die reëlings.

## SIMPATIE:



Ons innige simpatie met Chanell, Leandru Nel en hul gesin wie se mamma verlede week skielik oorlede is. Ons dink aan hulle in ons gebede en bid vir vertroosting.

## RYNIES PRESTEER:




**Declan Jurgens** in graad 6 het 2de overall in die Mini Max Rotax Regionals kompetisie behaal by die Zwartkops Resies Baan die afgelope naweek. Ons is trots op jou Declan!




Die volgende seuns is gekies vir spanne wat tydens die Rhino Rugbyweek gaan speel:

**Jordan-Scott Potgieter** is gekies om die o/13 Vikings te verteenwoordig.

**Hein van der Merwe** is gekies om die o/13 Barbarians te verteenwoordig.

# KLEUTERSKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD






# SPORT



## LAERSKOOL RYNFIELD







**Trotse borg van ons Netbal.**







## Cheerleading:

**Ons wens die span baie sterkte toe met die Provinsiale kompetisie eerskomende Saterdag. Ons hou styf duim vas!**





# SPORT

## LAERSKOOL RYNFIELD









### *RYNIE SKAAK*

***BEGINNERS GR 1 EN 2***

Die mini-skaak seisoen is nou amper verby.
Laaste oefening en afsluiting is 28 Mei 2025.

### *LIGA SPELERS*

***DAAR SAL GEEN OEFENING DEUR DIE EKSAMEN WEES NIE!***
***OEFENING HERVAT WEER DINSDAG 10 JUNIE 2025!***

**Belangrike datums:**

**13 Junie 2025**
Distrik Individuele Kampioenskappe
Edenglen High School

**2 Augustus 2025**
Benoni Liga: Span Kampioenskappe
Onder 9, 11 en 13's
Laerskool Westwood

**9 Augustus 2025**
Onder 13 Dogters
Laerskool Northmead

**Meer inligting volg later.**



# KULTUUR

LAERSKOOL RYNFIELD

## KULTUUR:

### PUBLIC SPEAKING AND TEAMS:

Ons begin voluit Public Speaking oefen vanaf Maandag 2 Junie. Individuele sprekers en spanne moet asb. ‘n afspraak maak om te oefen. Die Interskole Gautengliga vind plaas 26 Julie , dis 4 dae nadat die skool weer na die vakansie begin!!




***KUNSWEDSTRYD INSKRYWINGS SLUIT SATERDAG.***

*Groete, Juf. Barbara*






NUUSBRIEF 18 VAN 2025

*29 MEI 2025*

# NASKOOL

## LAERSKOOL RYNFIELD

**Eksamen:** Die eksamen vir graad 4 - 7 leerders het gister (28 Mei) begin. Maak asseblief seker u kind se leerwerk is ingepak. Die huiswerksessie word nou aangewend as ‘n studiesessie. (Huiswerksessies gaan normale tye voort)

**Ekstra Studieklas:** Daar is ook ‘n ekstra studieklas vanaf 16:00 - 16:45 in die pienkklas. Tannie Lucinda hou hier toesig. Dit is vrywilliglik en ouers moet asseblief toestemming gee.

**Hek:** Daar gaan moontlike verandering by die hek plaasvind voordat die hek ten volle gebruik gaan word. Dankie vir u geduld wat dit betref. Ons vertrou dat ons binnekort die nuwe hekstelsel gaan begin gebruik.




### NASKOOL SPYSKAART:

Maandag 2/6: Macaroni & kaas
Dinsdag 3/6: “Chicken-a-la-king”+Rys
Woensdag 4/6: “Hot-dogs”
Donderdag 5/6: Hoender-pops+ kapokaartappels en wortels
Vrydag 6/6: Pap, botter en suiker

- Elke dag vrugte en sap



### SNOEPIE SPYSKAART:

Maandag 2/6: Wraps
Dinsdag 3/6: Pasteie + “Chips”
Woensdag 4/6: “Toasted Cheese”
Donderdag 5/6: Maalvleis-Jaffels
Vrydag 6/6: “Chicken pops & slap chips”

# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD




**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD







BLOOM INSTITUTE

STEP BY STEP

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

